# SKOLE NUUS

# WILGIE REDENAARS PRESTEER IN GRENDELTYD

Die organiseerders van redenaarskompetisies moes grense verskuif met die aanbieding van kompetisies vir redenaars. Grendeltyd en inperking het die bekende manier van redenaarskompetisies gekelder. Wilgie-redenaars het die geleentheid aangegryp om op die nuwe platforms deel te neem.

Op 20 April 2020 het elkeen vooraf opgeneemde video's van hulle optrede, aanlyn aan die organiseerders van Radikale Redenaars gestuur. Hierdie was die Oos-Vrystaat Uitdun. Al die redenaars het uitstekende simbole verwerf.

Kylie de Klerk (Gr. 11), Ziané van Niekerk (Gr. 10), Estiaan Roodt (Gr. 7), Reinhardt Roodt (Gr. 3) en Desiré Roodt (Gr.2), dring deur na die Vrystaat Finaal en gaan eersdaags met lewendige Zoom-optredes aan dié rondte deelneem.


Op 23 April 2020 was die uitdaging bietjie groter vir die Wilgie-redenaars. Oppie Tong Af Redenaars het vereis dat redenaars, "live on line", deur middel van die Blue Jeans App, hulle toesprake lewer met 'n gehoor in Pretoria. Wilgie-redenaars het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt. Kylie de Klerk (Gr. 11), Ziané van Niekerk (Gr. 10), Estiaan Roodt (Gr. 7), André Pieterse (Gr. 5), Reinhardt Roodt (Gr. 3) en Desiré Roodt (Gr.2) dring deur om as wenners van die Vrystaat aan die Nasionale kompetisie in Oktober 2020 deel te neem.

Baie geluk aan die Wilgie-redenaars. Julle het geskiedenis gemaak met 'n eerste ooit en julle is baanbrekers! Hoërskool Wilgerivier se onderwysers, leerlinge en ondersteuners is trots op julle.


Julle het beweeg, toe alles stilgestaan het.



*André Pieterse*




*Estiaan Roodt*




*Kylie de Klerk*



*Desiré Roodt*



*Reinhardt Roodt*



*Ziané van Niekerk*

# KONINGIN JAGTERS

Daar is 'n spreekwoord – "Mooi in pienk en gevaarlik in Kakie!" Heilbron se dames bewys dit met hierdie jaar se fotokompetisie vir jagters. Eerste-bok en gerekende jagters deel met ons hulle ervarings.

Die kompetisie het afgeskop en die eerste drie inskrywings is slegs vrouens en staan hulle 'n kans om Amrod klere ter waarde van R750 te wen. Hoewel nie een van die deelnemers Kakie-klere aangetrek het vir die onderskeie jagtogte nie, is al drie jagters duidelik gevaarlik in die veld. Dit sluit in handelsmerke soos Slazenger, US Basic, Elevate en Gary Player.

Spog met jou foto wat geneem is gedurende hierdie jaar se jagseisoen, en skryf in vir Heilbron Herald se fotokompetisie.

Indien jy nie 'n deelnemer is nie, gaan na Heilbron Herald se Facebookblad en "like" jou gunsteling.


Om in te skryf, gaan na facebook vir bepaling en voorwaardes.



*Chané du Plessis skiet 'n Gemsbok op 20 Junie 2020 met 'n 30-06 en 180gr punt.*



*Natalie Ferreira skiet haar eerste bok, 'n Wit Blesbokram, met haar verloofde se 30-06.*



*Jané Jansen van Rensburg skiet 'n Blesbok met haar broer se 223 Savage ter nagedagtenis aan hom.*

